Aanhangsel C: Verbatim transkripsie van een van die onderhoude (Respondent 6)

(Let wel: Alle name is verander.)

Onderhoudvoerder: Ek het vir jou vanoggend so vinnig gesê ons gaan gesels oor jou belewing van stres as vroulike bestuurder. Kom ons gesels eers oor jou persoonlike agtergrond en jou gesinstruktuur, jou familie en daardie tipe van dinge. Was jy enkellopend of getroud toe jy die pos aanvaar het?

Respondent: Enkel. Definitief enkel**.**

Onderhoudvoerder: Sou jy sê dat huwelikstatus miskien ‘n effek op die beroepsbeoefening van ‘n vrou kan hê, veral in hierdie pos van jou?

Respondent: Ja ek dink daar is twee, daar is ‘n positiewe en ‘n negatiewe. Die positiewe is jy kan huis toe gaan en “you can bounce off to somebody”. You can bounce off your problems. As jy enkel is, gaan jy huis toe en is alleen en jy kan dit met niemand deel nie, jy kan vir niemand sê, “okay”, wat dink jy daarvan nie. Vernaamlik ‘n man dink tog anderster, ‘n man het meer… hy raak nie emosioneel betrokke nie. So vir my is ‘n man nogal goed gebalanseerd. So jy kan nogal inligting van hom kry, of hy kan jou deur dit help. Die ander – ek weet nie of dit positief of negatief is nie – omdat ek alleenlopend is en ek gaan huis toe na niemand toe, behalwe my hond, kan ek enige ure werk. Ek hoef aan niemand verslag te doen nie. Ek is jammer ek gaan laat wees vanaand, of gou-gou op die foon spring, hoor hierso, hier is ’n krisis, ek gaan nog twee ure laat wees. Om te dink ek moet nou nog kos maak ook vanaand by die huis. So daardie scenario’s in my – so ek weet nie eintlik, daar is positief en negatief.

Onderhoudvoerder: Sê vir my, het jy kinders?

Respondent: Ja maar hulle is groot, is uit die huis uit.

Onderhoudvoerder: Watter rol dink jy sal kinders speel, tipies nou in jou posisie?

Respondent: Dit is baie moeilik om vir jou dit te antwoord, want toe ek in hierdie posisie gekom het, was my kinders, net my een meisiekind, sy word nou 32. Sy is nie eers in ons land nie, sy woon nie eers hier nie, maar as sy by die huis was, sy sou seker self gewerk het. Die ouderdom wat ek in hierdie posisie was sou altwee my kinders – het hulle al definitief self gewerk. En hulle self werk lang ure.

Onderhoudvoerder: Wat dink jy sal die gevolg wees as jy byvoorbeeld klein kindertjies gehad het?

Respondent: O nee, jy kan dan nie, jy sal dan nie kop bo water kan hou met hierdie posisie nie.

Onderhoudvoerder: Hoekom nie?

Respondent: Want dit is nie ‘n “nine till five job” nie.

Onderhoudvoerder: Wat bedoel jy daarmee?

Respondent: Dit hou net aan. Daar is goeie tye maar ek weet ek gaan haal my “grandson” op Donderdae-aande, dan gaan haal ek hom by die skool en dan slaap hy by my. Dit is sy ma, dit is nou Penny, dit is my dogter, se tyd om af te kry. Dit is nou bietjie my kwaliteit-tyd met hom en ek moet hardloop vyfuur. Ek hardloop met my “laptop” en as hy slaap, so sewe-uur, half agt slaap, want hy is maar klein, ses, sewe jaar, dan gaan haal ek my “laptop”, dan begin ek werk. So tien teen een as ek moes kinders gehad het, dan sou ek dalk nog gewerk het ‘n uur of twee as hulle gaan slaap het, nie altyd nie.

Onderhoudvoerder: Sê vir my watse strategieë gebruik jy om balans te kry tussen jou persoonlike lewe en die werk?

Respondent: “okay”, dit is ‘n goeie vraag daardie. Weet jy wat, dit is nou dat ek so sê, ja dit is nou 2004, nie 2003, maar 2002 was ongelooflik stresvol gewees, ongelooflik! Ek was in die Kaap, meer in die Kaap. Ek het naderhand die veld van hier af… uit die Kaapse kantoor moes ek hom gekontroleer het. Ons het ‘n vreeslike groot projek gehad, en daardie einde van daardie jaar was ek baie siek gewees. Ek is amper uit, ek was so te sê uitgebrand.

Onderhoudvoerder: As gevolg waarvan?

Respondent: Stres, want jy het net nooit opgehou werk nie, jy het permanent ‘n knop in jou maag gehad. Jy moet versigtig en nie op die personeel skreeu nie, so jy’t naderhand gevoel – jou binnegoed was naderhand nie meer daar nie. Ek het naderhand gevoel, hier so in die middel van daardie jaar, ek begin ‘n robot word. Ek is ‘n “corporate robot” – ek het regtig gevoel of ek ‘n robot is met geen siel binne-in, en daardie Desembermaand toe loop ek net eendag hier uit. Toe sê ek vir Wanda, nou loop ek hier uit, en ek het van hier af geloop. Ek het hier ‘n afspraak gemaak, sal nie sê dit is ‘n dokter nie, dit is ‘n gekwalifiseerde apteker, dit is ‘n dokter maar hy is ‘n homeopaat ook, en ‘n “psychic” want ek glo nogal baie in hom. Toe gaan ek na hom toe, en toe ek instap, toe sê hy vir my, Sarie, ek hoop nie jy gaan terug kantoor toe nou nie. Toe sê ek vir hom nee. Ek is nou net mooi moeg. Ek het nog ‘n dag gehad vir verlof, ek gaan nie eers terug nie, en het my baas laat weet. Ek het vir haar gesê, “I am going”. Toe sê sy, “Go. I don’t want to see you till January”. Toe besef ek ek het geen suurstof in my liggaam gehad nie, toe moes ek dringend vir suurstofbehandeling gaan en ek moes weer “stock” vat van my lewe, en dit is – dit was ‘n baie groot stap in my lewe. Dit is vreeslik “bad”. Ek het laas jaar goed deur dit gekom. Dit word nou vir my al hoe makliker, maar ek moet mediteer, gereeld mediteer. Ek moet – dis baie “discipline” hoor. Om ‘n goeie balans te hou, is… jy moet ook oefening doen om daardie gesonde balans…, en ek is nie ‘n oefening-mens nie, nou stap ek vroeg in die oggend.

Onderhoudvoerder: Maar jy besef dit is belangrik?

Respondent: Dit is belangrik. Ek moes laas jaar net na die winter, toe besef ek, ek sal moet iets drasties doen want ek moet nog – so ek stap, vyfuur in die oggend, gaan stap ek. Dan kom ek huis toe en ek het my stiltetyd net om my kop skoon te maak. Ja, jy moet rustig raak in jouself.

Onderhoudvoerder: Watse effek het dit op jou werk, noudat jy begin stap het en so?

Respondent: Ongelooflik.

Onderhoudvoerder : Voel jy die verskil?

Respondent: En die meditasie. Ek doen verskillende meditasie ook. Ek wil nou weer voltyds teruggaan joga toe een keer ‘n week. En snaaks genoeg, daardie kleintjie wat ek oplaai, balanseer my ook. Want ek vat nie werk sommer as ‘n reël sommer huis toe nie, dit is nou net as daar nood is. Ek klim boom met hom, ek – ons gaan ry gou-gou fiets ook as ek hom gaan oplaai. Terwyl die kos… die kos is op die stoof en hulle prut-prut net so maar, ek is in ’n kompleks, so dit is maar net ons karre. So ons twee gaan ry gou-gou fiets of ons klim boom of ons speel bal buite en net dit.

Onderhoudvoerder: So dit gee jou bietjie afleiding?

Respondent: Dit gee my afleiding.

Onderhoudvoerder: Sarie, wat of wie sal jy sê is jou grootste bron van ondersteuning? Dit kan hier by die werk wees of by die huis, of jy weet, wat ook al.

Respondent: Marie help my baie, want … ek gaan nie na haar toe nie… dat ek dit so stel: ek maak dit nie ‘n gewoonte om net na haar toe te hardloop nie, maar wat ek wel doen, is as ek regtig probleme het, ek kan nie hierdie droë lug hanteer nie. As ek voel ek het probleme, wat ek nie self kan oplos nie, gaan ek

na Marie toe, en Marie het nog nooit vir my gesê ek kan jou nie nou sien nie, want ek gaan miskien een keer in tien dae of so.

Onderhoudvoerder: Wat is dit wat jy by Marie doen?

Respondent: Dit is ‘n “bouncing” – dit is ‘n muur – dit is ’n “bouncing ball”, al luister sy net partykeer. Maar sy gee altyd vir my een of twee goeie punte advies.

Onderhoudvoerder: En dit help jou?

Respondent: Ongelooflik. Sy sê, nee, jy het goed gedoen. Jy kon nog strenger gewees het, so moenie bang wees om streng te wees nie. “okay”, goed, dit is ‘n probleem, kom ons hanteer hom so. Kom ons hanteer hom so. Jy weet, laas jaar toe het ek ‘n paar “disciplinaries” gehad en dit is die “human factor”.

Onderhoudvoerder: En wat is die effek wat dit op jou het?

Respondent: Dit is ongelooflik, want daardie persoon het goeie punte, maar vir daardie posisie wat daardie persoon in is, is dit nie wat ons soek nie. Is jy met my? So daardie persoon pas êrens in die samelewing in, maar hy het ongelukkig by ons ingestap in die verkeerde deur. “Counselling” en “counselling” en “counselling”, maar dit eet aan jou.

Onderhoudvoerder: Sarie, kom ons gesels bietjie oor jou daaglikse gebeure hier by die werk. Hoe lank is jy nou al in jou huidige pos?

Respondent: Ek weet nie, seker vyf jaar.

Onderhoudvoerder: Waar was jy voor dit?

Responden : Ek was voor dit in Laurence se posisie, toe het ek Swart Veld [’n afdeling van veldwerk wat onder swart mense gedoen word – TS].

Onderhoudvoerder: Was jy betrokke by ‘n definitiewe besluitnemingsproses om aansoek te doen vir hierdie pos?

Respondent: “They approached me.”

Onderhoudvoerder: Hoe het dit verloop?

Respondent: Hulle het my net ingeroep en vir my gesê, … is toe oor Australia toe en toe sê sy Sarie, ek dink jy is reg vir die posisie.

Onderhoudvoerder: Wat was jou reaksie?

Respondent: Ek het geskrik, toe sê ek vir haar, o Marie ek hou nie eers van briewe skryf nie! Hulle weet ek is nie ‘n woorde-mens nie, ek is ‘n “figure”-mens. Ek kan organiseer en “figures” doen, maar ek is nie ‘n woorde-mens nie. Toe sê sy, “but that’s not a problem, that is not the issue”. Daar is genoeg mense wat vir jou briewe kan skryf. Daar is genoeg mense, Hannie kom hierso, vat die brief ons skryf hom vir jou. Ek skryf vir jou ‘n brief. En omdat daardie al “obstacle” was wat ek aan gedink het op daardie oomblik, omdat ek gedink het dit was, het… was dit toe nie vir my ‘n “issue” nie. Kyk, nadat ek in die posisie is, toe besef ek dit is nie so maklik as wat dit was nie, maar sien, ek byt vas. Ek is soos ‘n blerrie donkie, ek loop met alles, en ek is ‘n “goat”. “Go and go”.

Onderhoudvoerder: So jy pas maar aan?

Respondent: Wat verkeerd is party dae.

Onderhoudvoerder: Sê vir my, sou jy sê dat die werksomstandighede in Suid-Afrika binne die laaste tien jaar, veral in terme van vroue, verander het?

Respondent: Dit is ‘n moeilike vraag daardie. Want weet jy wat, een ding wat ek jammer oor is en dan party dae weet ek ook nie so mooi nie, maar dink ek

tog… ek het nie genoeg rondbeweeg nie, ek is al by Organisasie X in totaal 28 jaar. So ek was nog nooit "exposed to other industries" nie. Is jy met my? So. Maar in ons "industry" is ek gewoond gewees aan tien… 28 jaar… dis 'n vroue-"industry"… so vir my… Daar het 'n paar mans in die tussentyd ingekom. En snaaks genoeg, baie keer as 'n man begin, dan kom Wanda en almal, hulle kom na my toe, Shannon en Allison, en dan sê hulle vir my, dink jy daardie persoon gaan die paal haal?

Onderhoudvoerder: En hoe weet jy?

Respondent: Ek weet nie. "I just know". Dan sê ek daardie persoon gaan nie die paal haal nie. Daardie persoon gaan 'n bietjie sukkel, as hy "determination" het, gaan hy die paal haal. Daardie persoon is "all right" – hy gaan die paal haal. Want ons werk is baie admin, detail-werk. So vir my, 'n vrou… in die laaste tien jaar, dit is vir my baie moeilik om – ek weet nie hoe die ander "industries" werk nie, maar as ek so na die nuus luister, en dit… Wat was jou vraag nou weer daar?

Onderhoudvoerder: Dink jy dat die werksomstandighede vir 'n vrou verander het, veral ná 1994? Sê nou maar vir vroue in bestuursposisies?

Respondent: Ek dink die vrou het 'n harde tyd gehad in die "boardrooms" waar baie mans is, as ek dink dit is meer 'n firma waar mans is, dink ek tog hulle het opdraende geloop.

Onderhoudvoerder: In watter opsig?

Respondent: "They had to prove themselves. They had to prove themselves and take the emotions out." Want 'n vrou is baie emosioneel. "To take that part out."

Onderhoudvoerder: Dink jy die feit dat jy sê sy emosioneel is, haar bestuurstyl beïnvloed?

Respondent: Ek dink dit hang af van haar posisie. Ek dink sy moet… vrouens werk baie hard aan hulle posisies, emosioneel. Ek dink daar is baie scenario's wat ons moet uithaal. Ek haal baie diep asem. As ek kom – ek gaan nou vir jou sê – as ek en Nico in 'n vergadering is, moet ek totaal met 'n ander insig vergadering toe gaan. Waar ek vir myself sê, emosies gaan nie vandag 'n rol speel nie, jy gaan nie katterig wees nie, en jy gaan hom nie aanval nie. Bly liewerster stil.

Onderhoudvoerder: So jy moet spesifiek daarop let?

Respondent: Ja, ek is baie bewus daarvan, neem my op. Ek is baie bewus daarvan met wie ek in 'n vergadering gaan, hoe ver ek myself moet kontroleer. Met hom byvoorbeeld, want as 'n reël is die Indiërs – behalwe Nico, as daar Indiërs is – dan dink hulle baie vinnig. "You do this, you do this." Hulle dink baie vinnig, hulle het besigheidskoppe. Ek sal jou sê, hulle emosies bestaan nie in hulle lewe nie. Dit is 'n "cold corporate meeting".

Onderhoudvoerder: Of dink jy miskien hulle kan dit makliker skei? Hulle emosies met, sê nou maar, die werk?

Respondent: Ons is maar nie prinsesse in hulle lewe nie en daar moet 'n vrou haar self "present" hou… en as ek partykeer ingaan dan dink ek, weet jy wat, bly stil hierso op hierdie punt. "Don't lower yourself. I will sit there tall." Sonder kommentaar. As hy vir my iets vra, sal ek vir hom baie versigtig net vir hom [antwoord] gee, maar ek gaan liewerster stilbly.

Onderhoudvoerder: Die vrede bewaar?

Respondent: Dit is nie vrede bewaar nie. "I am not going to drop my standards." Ek gaan nie daar uitloop nie, en hoor ek was in 'n kindergarten gewees nie.

Onderhoudvoerder: Ja, dit is waar.

Respondent: Is jy met my? So ek dink ‘n vrou oor die algemeen gaan naderhand weet, haar “territory”… die vergadering wat sy ingaan, ek dink sy weet wie gaan om daardie tafel sit en as sy suksesvol is, weet sy presies hoe om elke man te hanteer.

Onderhoudvoerder: Ja, jy is reg. Vertel vir my so bietjie wat presies behels jou werk.

Respondent: Wat behels dit?

Onderhoudvoerder: Ja.

Respondent: Dit is ‘n goeie vraag. Dit is ‘n “job description”. Ek dink dit is twee lyne of drie lyne. Ek moet basies in ‘n mate… “I won’t say I am not accountable for everything that goes wrong, but I am responsible entirely for the whole field”.
As enige iets verkeerd gaan, moet hulle na my toe kom, en dit hang dan weer terug af hoe goed ek daardie fondasie van daardie ”job” uitgesit het. Elke studie moet ‘n fondasie hê. Jy kan daardie fondasie, sê dit en dit en dit gaan so verloop en vandaar af, jy moet seker maak dat daardie fondasie sterk is wat jy uitlê. Want as hy nie goed uiteengesit is nie, gaan hy krummel, daardie “job”.

Onderhoudvoerder: Hoe beleef jy jou werk?

Respondent: Dit moet seker lekker wees as ek na al die jare nog hier sit. Dit is ‘n goeie vraag. Weet jy, ek het drie jaar om te gaan op pensioen. Nou begin jy regtig praat nou, praat met jou maatjies en jy praat, hoor hier, Vannie, is my beste maatjie, Vannie, wat dink jy as ek hier ophou, want ek het nog te veel energie. Ek het eerstens nog geld nodig, ons almal het nog geld nodig. Want jy het jou standaard, maar jy het nog energie, maar jy wil ook nie meer so hard werk soos wat jy werk nie, maar wat kan ons doen? Ek weet nie wat anderster ek kan doen nie. Ek weet nie wat anderster nie. Ek kan nie in ‘n bank werk nie, dit gaan my verveel.

Onderhoudvoerder: So jy voel hierdie is jou plek?

Respondent: Dit moet wees. Dit moet wees… ná 28 jaar. Hoor hier, baie dae sê ek vir myself, "this is not me, this is not my life." Maar weet jy wat ek nou agtergekom het, in die laaste tyd, ek het baie huiswerk met myself gedoen. Want weet jy wat gebeur het, ek het so gewerk dat ek vir Sarie verloor het. Sarie het vir Sarie verloor en die dag toe ek dit besef het, toe skrik ek baie groot.

Onderhoudvoerder: Hoe het jy dit besef?

Respondent: Ek het dit besef… in 2003, het ek daardie laaste ses maande besef, as ek stilsit by die huis, weet ek nie wie ek is nie. En ek het – ek hou nou 'n "journal" elke dag, want ek moet 'n "journal" hou elke dag. Dat ek naderhand net kan myself ontdek.

Onderhoudvoerder: Herontdek.

Respondent: Ek wil sommer nou vir kunsklasse gaan, al klink dit simpel, maar ek wil verf, ek wil kyk of ek kan plesier daaruit vind, want jy teken 'n blommetjie, maar jy sien nie die blommetjie nie. So ek het nou weer besef, daar is 'n Sarie êrens. En jy weet dit is ook om nou weer… jy moet 'n balans hê, sê ja, dis werk, jy gaan huis toe, maar by die huis, waarna sien jy uit as jy in hierdie kar klim, wat maak jou opgewonde om by die huis te kom? Verstaan jy?

Onderhoudvoerder: En dit is nou wat ek volgende wil vra. Wat maak jou opgewonde – wat gee vir jou plesier?

Respondent: "okay", ek is maar lief vir skilder, dit doen ek nou al jare en ek gaan Saterdae klasse toe, dan sê my sussie partykeer vir my, maar hoe lank gaan jy nog klasse toe? Dan sê ek vir haar, maar nee, jy verstaan dit nie. Dit is nie klas nie, ek sit partykeer daar as ek baie moeg is, Sandra hier onder, en

sy weet presies, sy ken vir Organisasie X, vernaamlik hier Oktober en November, dan gaan sit ek partykeer van nege tot twaalf, daar is gewoonlik so tien vrouens in ‘n klas, “they all go because it is a social outing”. Ons sit, jy sit en werk, ons sit en borduur, sit en tee drink, jy vat ‘n koekie vir almal om te deel en ek sal partykeer net daar gaan sit op ‘n stoel en ek gaan vir almal net sit en kyk, en dan los Sandra my. Maar dit is my “unwinding time”. Dit is waar ek nou net “unwind”. So jy weet, ek doen dit, ek is bietjie “eccentric” of laat ek dit vir jou sê, ek is nogal ‘n “holistic” mens. Ek is nogal – dit is waar… ek… ek stel baie belang daarin. “It triggers me off big time.”

Onderhoudvoerder: Dit gee jou genot.

Respondent: Ek praat nie van “fortune tellers” nie. Ek praat nie van daardie nonsens nie. Dit is nie sulke goed nie, maar ek gaan maklik op ‘n Saterdagoggend vir ‘n hele “meditation”. Ek gaan vir ‘n “treat” vir ‘n naweek, van Vrydag tot Sondag, gaan ek by die Anglican Kerk hierso in Rosettenville, hier by die nonne, dan spandeer ek ‘n hele naweek by die nonne. Ek is “silent”. En daardie Saterdag wat jy daar onder die bome en hulle seile sit…

Onderhoudvoerder: Hoe laat dit jou voel as jy daar klaar is?

Respondent: Kyk jy gaan ook, hulle het kort-kort ‘n sessie, sesuur vroeg in die oggend gaan jy, jy kan gaan met die nonne sesuur, as hulle in hulle “silent prayers” gaan, en deur dit ook te gaan daar, begin jy stadig nou weer dink: Wie is Sarie? Wat is Sarie? Wat wil Sarie graag doen? Waar het Sarie die paal verbygeloop, waar het sy van die pad afgegaan? Waar het sy haar self verloor? Dan probeer ek my weer terugvat, toe ek 16, 17 jaar was, wat het ek toe gedoen wat vir my lekker is, en dit is maar “in the art world”, want ek is mal oor die teater, ek het dit laas jaar vir die eerste keer gedoen, dat ek ingekom het by Annie, ek dink dit was die 2de Desember, toe sê Annie… maar ek het omtrent Oktober, Novembermaand het ek, en ek het my kleintjie uit die skool uit gehad en ons het gegaan, ons het *Jack and the Beanstalk* gaan sien, die twee-uur-vertoning. Ek het ‘n dag verlof ingesit. I have to change to my life. Want daardie Woensdag toe voel ek anderster. So ek is nogal lief vir die

kunstewêreld, die “art“ wêreld, ek gaan nou meer in meditasie in, in joga lewe, so… daardie odyssey… jy ken mos die tydskrif, die *Odyssey magazine*, en die “link-up”, dit is mos alles. Ek beweeg meer in daardie lewe in.

Onderhoudvoerder: Sê vir my Sarie, wat verstaan jy onder die konsep stres?

Respondent: Stres. “Stress kills.”

Onderhoudvoerder: Ek kan so hoor aan jou stemtoon.

.

Respondent: “It kills you. It kills and destroys you.” Ek kan verstaan dat mense hartaanvalle op hierdie werk kry. Regtig, “stress kills you. “There’s no two ways about it.”

Onderhoudvoerder: Het jy eerstehandse ervaring?

Respondent: Ja, ek was daar. Die woord “stres” maak my baie bang. Ek voel hom kom. Ek voel hom nou kom.

Onderhoudvoerder: Hoe voel jy hom kom?

Respondent: Weet jy, dit is die benoudste gevoel, dit voel of jy in daardie donker tonnel gaan loop waar jy nie kan asemhaal nie. Ek sien daardie tonnel voor my, hy is pikswart, en dan voel ek ek moet deur hom gaan, ek weet daar is ‘n lig aan die einde, maar ek weet nie hoe lank gaan hy vat nie en ek gaan nie asem kry daar nie.

Onderhoudvoerder: So dit word absoluut vir jou half ‘n visuele ervaring?

Respondent: Ja, want ek was daar en ek wil nie weer daardie paadjie gaan nie.

Onderhoudvoerder: Jy het nou-nou gepraat van werkverwante stres – hoekom sal jy sê ervaar jy werkverwante stres?

Respondent: Ek dink dit is maar ons “industry” waarin ons is. En ek sê baie keer, weet jy wat, Sharon, ek gaan bedank, dan sê sy vir my, “gaan jy nou weer in die poskantoor werk?” Dan sê ek ja, ek gaan net briewe “stamp” want daar is geen stres daar nie, of by die “till” by ’n supermark, hulle gooi net daardie prys deur daardie masjientjie, dit is vir my nie stres nie. Ons industrie is stres.

Onderhoudvoerder: Maar watter aspek daarvan?

Respondent: Hoe bedoel jy aspek?

Onderhoudvoerder: Watse aspek van die industrie veroorsaak vir jou die stres?

Respondent: “Deadlines”. Ek voel dit baie keer van bo af kom. Ek voel daardie “exec” afkom, maar ek sien hom daar, ek kan vir jou sê watter “exec” se werk het laaste in die veld gekom, as hy inkom, dan sê ek vir hulle, weet julle wat, daardie ou het die werk weer vir die week daar gehou, nou druk hy alweer stres op ons. “And I am just sick and tired of it.” As ek bly hoor “I have to meet deadlines” dan dink ek dit is so onregverdig. Ek kan niks daaraan doen nie, want dit is buite my beheer. Ek kan nou gaan praat met die “directors”, dan sê ek weet julle wat, daardie “exec” moet julle bietjie na kyk. Want elke projek van hom is laat in die veld. Hy begin nou ‘n gewoonte daarvan maak en dit is onnodig – as elke ou sy deel bring… ons gee nie om vir die “odd urgent one, but don’t make it the rule, that is, when it becomes the rule, we stress”.

Onderhoudvoerder: Ek hoor wat jy sê. Sou jy sê dat die fisiese werkomgewing… as jy nou veral kyk in terme van hoe Organisasie X se kantore uitgelê is en so, sou jy sê dit dra by tot jou belewing van stres?

Respondent: Nee, ek dink ons het genoeg spasie.

Onderhoudvoerder: Ek weet in party firmas het hulle meer oop plan.

Respondent: Ja, hulle het gedink aan ons ook al vir oop planne.

Onderhoudvoerder: Hoe voel jy daaroor?

Respondent: Ek bly hoor dit is die moderne ding; “okay”, hy het positiewe en negatiewe. Positief is: die ouens wat lui is (there’s always passengers on the bus) gaan jy uitvang. Jy gaan sien hoe hulle poer-poer daar, want nou is die kantore so groot, hulle kruip daar weg, en hulle sê “I am busy” maar jy kan hulle nie vang nie; maar dan weer, dink ek dit gaan meer stres veroorsaak, want mense soek tog stilte op ‘n punt. Kan jy dink as hier by my 20 mense gelykop praat, en dit is “open plan”?! Nee wat, dan gaan ek net langer in daardie toilet sit. Jy het partykeer net… daarom sê ek party keer in afdelings, as iemand voel Laurence is dalk besig met kwotas uitwerk, sê ek, “Laurence, close your door for an hour. You are not available.” Of ek sien daar Felicia en Amanda, weet jy wat, Laurence, maak hulle deur toe vir ‘n uur, sodat hulle net stil kan werk. As jy daar uitkom, dan voel jy soos ‘n ander mens.

Onderhoudvoerder: Absoluut. Jy het nou-nou so gepraat van “deadlines” en goed wat kan bydra tot stres, maar sal jy sê dat jou werklading, jy weet die hoeveelheid werk wat jy het, kan bydra tot stres?

Respondent: Ja dit kan definitief. Daar is baie stres op die oomblik in die veld. Daar is geweldig stres.

Onderhoudvoerder: Omdat daar so baie “jobs” is wat gelyk loop?

Respondent: Ja, ons het daardie een studie, GCS. Ons het vier weke om hom klaar te maak, drie en ‘n half weke, vier weke. So al wat ek nou kan doen is… daar lê my boekie, praat met elke tak, elke dag, ek weet nie wat ek hulle gister gesê het, wat ek hulle vandag kan sê, moenie sê nie. As ek daardie foon optel, dan weet ek, dan sê ek, weet jy wat, ek praat nie vandag met jou nie en ek bel jou later, goodbye. Maar dit help nie eers om te praat as

jy so stres nie, maar ek gaan nie huis toe vanaand voor ek net gehoor het, is sy nou “okay”. Asseblief, moet dit nie huis toe vat nie. Kan ek jou nog met iets help? So ek probeer ook hierso, ek hou hulle dop, ek kom agter wanneer van my personeel baie stresvol is, dan sal ek naderhand ingaan en ek sê…. Sharon sê altyd vir my, “stay out of my way” – dan weet ek, maar ek weet as ek nou vanmiddag klaar is, dan sê ek, “Can I come in, are you okay?” Nou doen ek dieselfde met Petro of Laurence wat ook ‘n afdeling… ek hou hulle dop, ek kyk hoe ek… ek is versigtig hoe ek inbeweeg, maar hulle weet ek is daar.

Onderhoudvoerder: Net sodat jy kan sien hoe die dinge daar gaan?

Respondent: Want hulle stres word naderhand my stres.

Onderhoudvoerder: Absoluut. Hoe sal jy sê affekteer hierdie stres jou?

Respondent: Ag, dit is sleg. Ek word maer en kry weer kopseer, dit is daarom dat ek probeer stap om net van daardie stres in die liggaam… ek rol hom, daardie joga-rol, ek rol elke oggend, vanoggend weer gerol, rol, rol. Want dit maak die stres van jou “spine” af tot jou skouers los.

Onderhoudvoerder: So dit is vir jou ‘n fisiese ding, omdat jy voel dit word kopseer en daardie.

Respondent: Voel hom, voel hom.

Onderhoudvoerder: Knoppe, die knoppe.

Respondent: Jy voel daardie knoppe.

Onderhoudvoerder: Hoe weet jy wanneer hy aankom?

Respondent: My lyf is seer. Ja, jy voel hom aankom.

Onderhoudvoerder: Waar voel jy hom, hoe voel jy?

Respondent: Jou hele liggaam binne is net seer. Want ek dink elke spier trek styf, verstaan jy? Jou spiere word net… vandat jy bewus is daarvan, trek jou spiere styf en jy voel hom, jy voel naderhand as ek opstaan [uit] die stoel, oe, ek is nou so seer, dit is net seer en dan sal ek sommer die gang afloop en my arms swaai en rol en trek en so aan.

Onderhoudvoerder: Net om bietjie uit te kry?

Respondent: Net uit te kry.

Onderhoudvoerder: Op watter wyse sal jy dink dat stres ‘n invloed op jou kollegas kan hê?

Respondent: O baie erg. Hulle weet wanneer ek stresvol is. Hulle moet eintlik nie weet nie. So ek moet versigtig wees as ek hier uitloop. Nou sê hulle vir my, hulle kom agter ek is twee persoonlikhede. Dan sê ek, jislaaik, julle maak my klaar. Want as ek baie stil in die kantoor is, dan weet hulle ek het stres en hulle wil my in die gang sien. Nee maar ek wil ook vroeër huis toe gaan. Los my. Laat ek aangaan met my werk, want ek – anderster moet ek wag dat julle almal uit is en dan moet ek my kop neersit. Dit werk nie so nie. Wat ek nou partykeer doen, dan sal ek vir hulle sê, “okay” julle, my bestuurder is hier, ek het baie werk, ek wil nie stres op julle sit nie, maar ek gaan my kantoor deur toemaak vir twee ure. Julle mag inkom, maar ek wil niemand anderster sien nie. Daarom sê ek baie keer vir “execs”, as julle my wil sien, dan moet julle ‘n afspraak maak.

Onderhoudvoerder: Hoe tree jy op teenoor hulle as jy byvoorbeeld gestres is?

Respondent: Teenoor my personeel?

Onderhoudvoerder: Ja.

Respondent: Daar is maar jou dae wat jy krapperig is, jy weet, en dan ek kan nogal aanvallerig wees, my aanvoel is baie sleg. Dan skryf ek in my "journal". O, ek is al so skaam om op my knieë te gaan en vergifnis te vra en dan – maar weet jy, jy moet eerlik met jouself wees. Wat ek ook by die huis – ek het so 'n blikkie en ek het al die kleurtjies papier, dan sny ek hulle in sulke blokkies, geles, rooies, groenes, bloues. Die dag as ek baie… in die aand as nou gaan, dan… ek maak altyd so, dan vat ek 'n kleur uit en kyk ek na die kleur, dan dink ek ja, as die rooie uitkom, dan dink ek ja, dit is baie waar, jy was nou weer vandag aaklig. En ek sal op daardie ding neerskryf dat ek aaklig was.

En die volgende oggend as ek opstaan, dan lees ek hom, dan dink ek, weet jy, jy gaan hom nie herhaal nie. Ek los hom in daardie blikkie, dan dink ek weet jy wat, dan kyk ek, dan dink ek ek moet maar 'n geletjie vat, hy is nou bietjie beter vandag, hy is darem nou meer vriendelik. So ek moet myself versigtig wees, dat ek die volgende oggend nie inkom met dieselfde stres as die vorige dag nie. Dit is dissipline as ek by die huis kom. Dit is baie dissipline.

Onderhoudvoerder: Ek glo jou.

Respondent: En weet jy wat, jy moet – ek is hard op myself. En dan sê ek ook in die aand vir myself, wat gaan jy doen om dit môreoggend nie weer te doen nie.

Onderhoudvoerder: Presies.

Respondent: Dit help ook nie jy koop vir hulle 'n sjokolade nie, sjokolade is nie die antwoord nie. "Because they remember it."

Onderhoudvoerder: Dit is 'n korttermyn-oplossing.

Respondent: Ek sal partykeer gaan om verskoning vra. Hang af wat dit is. Dan sê ek, hoor hier, ek is baie jammer. Ek weet nie, maar ek was gister – ek was gister net krapperig, en ek was nie lekker nie en die maan het my

omgegooi… en ek het nie eers meer periodes nie. So ek kan dit nie gebruik nie. So weet jy wat, hoe meer ek daarvan bewus is, hoe meer jy jouself bewus daarvan maak, daarom sê ek, Sarie het vir Sarie verloor en Sarie het nie eers meer besef met tye sy was aaklig nie. Nou moet ek myself elke aand "journal" en ek maak myself attent daarop dat jy vandag nie lekker was nie, Sarie moet bewus word, Sarie moet weer vir Sarie ontdek. Dit is omdat, as jy meer bewus is daarvan en jouself ontdek, is dit nie vir jou so moeilik om nie lelik te wees nie.

Onderhoudvoerder: Hoe belangrik dink jy is werksverhoudinge in die vermeerdering of vermindering van stres?

Respondent: Ek dink… ek dink die verhouding is baie belangrik, met dié dat jy jou personeel ook baie goed moet ken, om te weet wanneer kan jy in hulle spasie inbeweeg en wanneer moet jy nie in hulle spasie inbeweeg nie. Want partykeer as 'n ou baie onder druk is… Jy moet ook weet wat hulle doen elke dag. Dan dink ek "okay", Marie werk aan groot kwotas, ek sien sy is stresvol, maar as ek nou aan haar slaai gaan krap, vandag, krap ek eintlik in haar "mind", in haar "procedures" soos sy haar werk doen, dan stap ek uit dit uit. Maar as ek sien Marie is byvoorbeeld… al die GCS moet gepak word en sy is hier op en af, ek ken haar. Die bokse moet gepak word. Dan kan ek in haar spasie inklim en sê ek vir haar, "okay" Marie, jy soek nog ekstra hulp, mense moet pak, is ek reg? Dan sê sy ja. Dan sê ek hoeveel mense soek jy, want sy het nie daardie vryheid om vir Doreen te gaan sê, Doreen, kom help my nie, maar Doreen moet vir my luister**.** Jy moet weet wat jou personeel op daardie huidige oomblik doen, en kan jy in hulle spasie inbeweeg, of nie.

Onderhoudvoerder: So jy moet baie sensitief wees, ook vir die stres wat jou personeel ervaar?

Respondent: Ja, en jy moet weet wat hulle op die oomblik mee besig is. "You don't have to do it for them, but you have to know what they are busy with."

Onderhoudvoerder: Sou jy sê dat dit 'n effek het op jóú gevoel van stres?

Respondent: Want as ek nou vir haar drie mense gaan kry, kan ek ná ek die drie mense [gekry het], kan ek terugkom na my kantoor toe en ek voel rustiger want ek weet ek het haar stres verminder, daar is mense wat haar help. As ek weet sy is besig met groot kwotas, dan kan ek vir die personeel om hulle sê, kom rapporteer by my, moenie by Marie rapporteer nie. Marie se deur is toe. Asseblief moet haar nie pla nie. So as dit julle probleem is, kom na my toe of Sandra toe.

Onderhoudvoerder: Wat sal jy sê is 'n goeie manier om van stres te ontlaai?

Respondent: Dit is… ek is eerlik, dit is oefening en meditasie. Diep asemhaling. "I promise you, get oxygen back in your brain."

Onderhoudvoerder: Ek wil hê jy moet nou bietjie spesifiek dink aan jou tipe bestuurstyl? Hoe sal jy jou bestuurstyl beskryf?

Respondent: Ek dink nie ek is die beste bestuurder nie.

Onderhoudvoerder: Hoekom sê jy so?

Respondent: Ek is nie 'n gebore bestuurder nie. Ek lees hierdie boek, hier is hierdie "One minute management" en jy lees dit, en jy lees dit. Ek dink tog 'n bestuurder is gebore. Ek ken myself as… "I am more an arty free-flowing person".

Onderhoudvoerder: Watse eienskappe sal jy sê moet 'n mens hê om 'n bestuurder te wees?

Respondent: "I still think you are a manager or you are not a manager. You are a born manager where it is easy to manage people." Ek dink as jy 'n gebore "manager" is, gaan jy minder stres hê.

Onderhoudvoerder: Is dit?

Respondent: Ek moet kort-kort weer terugdink, “okay” wat is… “what is the…?” Hoe kan ek vir jou sê… “What [are] the building blocks to be a good manager?” Dan moet ek partykeer weer teruggaan, o “okay”, ek’t nou nie weer daardie blok gehad nie en nie daardie stap gevolg nie. “I totally believe you are a good manager or you are not, you are born in it.”

Onderhoudvoerder: Maar in hierdie posisie waarin jy nou is, word jy gedwing om, sê nou maar, ‘n sekere bestuurstyl uit te oefen?

Respondent: Jy kry meer verantwoordelikheid ook.

Onderhoudvoerder: En hoe sal jy sê hoe effektief is dit?

Respondent: Ek dink dit is baie effektief, dit is net moeilik vir my as ‘n persoon vernaamlik nou “op skrif is dit maar net klein” maar tog ons het “negotiations” met sekere.

Onderhoudvoerder: Met wie?

Respondent: Ek het “negotiations” heeltyd met Dawn Wing, waar ek net vir Allison naderhand sê, “Can you negotiate this?” En selfs met Imperial en ‘n paar goed, en dit kom nie vir my altyd maklik spontaan nie, dit is nie vir my “natural” nie. Elke keer moet ek weer teruggaan, voordat ek die vergadering met Dawn Wing het, en net weer kyk watse punte het ek, waaroor moet ek negotiate, hoe moet ek negotiate, en dan gaan lees ek gou-gou weer op, “How do you negotiate? How do you handle that meeting?”.

Onderhoudvoerder: Die feit dat jy… jy het nou-nou gesê jy is ‘n “arty tipe” mens… dink jy dat jou persoonlikheid ‘n effek het op jou tipe posisie?

Respondent: Die posisie? Ja. Weet jy wat, ek wou “Art school” toe gegaan het en dit was die hippies-tyd gewees, ek was gebore… ek was ‘n “teenager in the time with the hippies, the flower power children”. Al wat ek wou gedoen

het, ek wou “art school” toe gaan, “even clothes design”… alles… en my ouers het gedink: “no ways”. Toe stuur hulle my bank toe, in ‘n “commercial high school”. “Banking, I hated it.” En waar is ek in… daardie pad loop nog altyd deur. Ek wil losbreek, en op die oomblik baklei ek vreeslik met myself. Ek het my voorgeneem die volgende drie jaar moet ek my pad vind. Want ek wil nog in die “arts” gaan studeer.

Onderhoudvoerder: Voel jy dat dit bygedra het tot die feit dat jy jouself verloor het?

Respondent: Met dié dat ek myself verloor het, noudat ek myself weer stadig ontdek, besef ek… maar ek gaan terug [tot waar ek] 18 jaar, 16, 17 jaar is. En ek moet partykeer – as ek sê mediteer, kan ek vir maklik ‘n uur in die tuin onder my boom sit, ek is maar in ‘n klein kompleks. Om terug te dink, terug te dink wat ek kan onthou van my “teenager” en wat het my “ge-tick” daardie tyd in die “arty world”. So, ‘n bestuursvlak is vir my nogal baie moeilik.

Onderhoudvoerder: Maar wat sal jy sê het gehelp om jou in hierdie posisie te vestig, ek wil amper sê wat het, sê maar, jou bestuurstyl help vestig? Wie of wat was dit?

Respondent: Dit is maar self… dis “self-research”. Ek sit party aande by Exclusive Books, as ek party aande… Sê ek weet ek moet ‘n vergadering oor twee dae of drie dae hê, “okay” in my gedagte begin ek voorberei. Dan sal ek ná werk gaan, na Exclusive Books toe gaan hier in Hyde Park, vir my ‘n lekker koppie koffie gaan kry, Cappucino of wat ook al, en ek sal bietjie boeke kry en deurkyk. Net om weer… dit kom nie altyd “natural” nie. As ek ‘n paar vergaderings ná mekaar het, begin… dan word dit vir my makliker, maar as ek ‘n gaping gehad het, soort van twee drie maande, dan moet ek weer terug gaan boeke toe en huiswerk doen, net om weer in te pas in daardie vergadering.

Onderhoudvoerder: Sê vir my hoe dink jy reageer jou ondergeskiktes, veral jou manlike kollegas?

Respondent: Dit is nogal – ek gaan eerlik vir jou wees, toe ek in die posisie gekom het, was dit ‘n baie groot “issue” geweees. Laurence is ‘n baie tradisionele Swazi man, ‘n swart man, waar ek dink dit kan nogal gebeur in die “Indian community, where the wife is totally the lady in the kitchen. It is. Totally the doormat.” Toe kom ek nog, toe is ek nog ‘n wit vrou ook boonop dit. En dit is nou in ons era wat ons deurgaan. Waar hy my “totally ignore” het, “he would not take instructions from me”. En hy het my nie gerespekteer in my posisie nie. Direkteure hier moes intree, en naderhand vir hom die… op die rooi mat bring. “She is your boss, if you do not accept her, and…” …ek sal nie sê altyd luister nie, maar “…to respect her, I am afraid then you are no longer welcome in the company”. Ek kan vir jou sê ek en Laurence is miskien die laaste drie jaar, wat ons dit oorbrug het. Nou en dan – toe jy nog hier gewerk het – het jy gehoor ek roep die heeldag, hy is nie in sy kantoor nie. Ek het nou die dag – ek en hy – hierdie Maandag, Dinsdag, het ek en hy gesit om hierdie tafel, seker twee uur. Toe sê ek, Laurence, ons gaan nie hierdie nuwe jaar weer in nie, jy sit in jou kantoor. Tot Shannon vra nou al hoekom is jy nie in jou kantoor nie? So dit is nogal moeilik vir ‘n swart man, vernaamlik om instruksies te vat van ‘n vrou, en nog ‘n wit vrou ook, en ‘n Afrikaanse vrou. ‘n Afrikaanse wit vrou, dink ek, kry nogal baie swaar in baie posisies. ‘n Engelse wit vrou dink ek is nogal meer… makliker aanvaarbaar.

Onderhoudvoerder: Maar hoekom dink jy is die Afrikaanse en die Engels steeds ‘n problem?

Respondent: Ek dink tog dit het teruggekom waar ons vandaan kom. Toe ek jonger was, was daar definitief ‘n lyn tussen Afrikaans en Engels. Die witte moes homself… “he had to prove himself in a lot of positions”. Pretoria, dink ek, is makliker, want julle is ‘n baie Afrikaanse stad, en julle is nog ‘n Afrikaanse stad. Johannesburg is baie “international”. En nou kom hierdie Afrikaanse mense hier, “okay”, en ek vind dit ook met Stanley wat ‘n swart man is, ek dink dit is baie swaar vir hom – ek kom dit agter partykeer – om instruksies van my te vat.

Onderhoudvoerder: Nou nog, na al die jare?

Respondent: Ja. So, daar kom nou weer Nico in sy posisie, daarom moet ek vir jou weer terug sê, “an Indian lady is a princess, and not really placed in a boardroom”. So ek dink die kulture begin nou… ek dink ook wat gebeur het, in die laaste drie of vier jaar, waar die swart vrou… ek dink van Mandela in is, ja. So hoe lank is hy nou in, vyf jaar. Iets van die aard, waar die swart vrou “[rose] to the top”; en ek dink op die oomblik is die swart man ‘n groter probleem in sy eie kultuur, “never mind” nog uit sy kultuur uit. Want die swart vrouens het so vinnig gestyg, dat ek dink tog sekere mans kry baie swaar daar buite.

Onderhoudvoerder: Sekere swart mans.

Respondent: Ek dink oor die algemeen, baie mans kry swaar daar buite, “because…” vrouens is… ons het baie energie, “we’ve got a lot of a common sense, we’ve got a lot of determination, we are very hard workers”. ‘n Vrou kan in die kantoor werk én haar huishouding “run”. ‘n Man kom by die huis, hy kan nie huis hou nie, hy is gedaan. Hy gaan huis toe, hy soek nog sy koerant en pantoffels en werk nie meer nie.

Onderhoudvoerder: Dit is reg.

Respondent: Ek dink die hele generasie gaan daardie verandering nou maak. Julle kook nie meer agter daardie stoof nie, die man kom al huis toe, en hy begin kos kook. So julle generasie is besig met daardie deurbraak en dit gaan nou “corporate” wees, dit gaan orals wees.

Onderhoudvoerder: Maar dit gaan ook ‘n ruk vat.

Respondent: Nee, hy gaan nie lank vat nie, binne tien jaar gaan’t reg wees.

Onderhoudvoerder: Sarie, kom ek gaan en ek vra vir jou, sou jy sê dat stres jou bestuurstyl beïnvloed?

Respondent: Ja, jy kan. Want die stres maak jou partykeer – soos ek nou-nou gesê het – krapperig, en dan is jy ongeduldig, maar dit behoort nie eintlik jou bestuursvlak… want hoe meer jy met mense werk... Ja dit kan nogal, janee, hulle kap my nou en dan. Hulle stuur vir my "e-mails".

Onderhoudvoerder: Hulle kom sien jou nie direk nie, hulle stuur vir jou "e-mails"?

Respondent: Nee, by die takke, ek praat nie van hier nie. Ons het eintlik baie mense daar buite. Helfte van my personeel is buite. En dan kry ek weer hier "snotty ones, I am not flavour of the month" maar weet jy wat sê ek vir hulle? "Be honest, I can handle cheakiness and I can handle criticism, but don't talk behind my back, be quiet."

Onderhoudvoerder: Weet jy van enige hindernisse wat veral vrouens in bestuursposisies kan beïnvloed?

Respondent: Dit hang seker af van die ouderdom wat jy vandag in jou bestuursposisie is. "Okay", jy weet dit gaan nou weer terug, miskien tien jaar terug, was 'n bietjie meer die "mature" – hier van 35, 40 af op – dan meeste van hulle kinders is nou al bietjie groter, hulle word al hoe jonger deesdae, ek dink dat hulle kinders is ook al – party van hulle kinders is ook al – party van hulle het nie eers meer kinders nie, kinders word ook later gebore.

Onderhoudvoerder: Ja, die ma's is ouer.

Respondent: En jy weet daar is 'n nuwe lewenstyl daar buite, daar is soveel "aftercare centers" en ek dink baie oumas en oupas spring in deesdae om ook te help.

Onderhoudvoerder : Handjie by te sit.

Respondent: Ek kan jou nie eintlik daardie… ek kan nie dink nie, want van my bestuurders wat ek het, is maar almal hier in hulle veertigs, daar is nie meer

eintlik kleintjies by die huis nie. Elsa het nou, maar hulle kan nou al op hulle eie. By dié waar daar [kinders] is, is [hulle] op Universiteit, so hulle is in elk geval los hotnotjies. Hulle kom huis toe, kyk na hulle self, ry met hulle karretjies rond.

Onderhoudvoerder: Sou jy sê dat die struktuur van die Organisasie X, veral in terme van die besluitnemingsprosedures, kan bydra tot jou belewing van stres?

Respondent: Dit kan seker, as hy nie goed… Ja, hy kan. Daardie organogram moet werk, daardie struktuur moet. Maar as hulle jou van hier bo af… van heel van die top af, as hulle vertrou en weet hulle het die mense goed opgelei, behoort daar nie probleme te wees nie.

Onderhoudvoerder: Watse professionele ontwikkelingsgeleenthede is daar vir jou in die firma?

Respondent: Seker… hang af wat jy self wil wees. Ek dink dit hang af van jou begeerte, hoe ver jy wil gaan. Nee, ek wil niks verder wees nie.

Onderhoudvoerder: Sê vir my hoe het jy jouself aanvanklik voorberei vir hierdie pos?

Respondent: Daar was nie voorbereidings nie. Hulle het my hier ingeroep en die volgende dag toe begin ek.

Onderhoudvoerder: So jy het maar net moes begin swem.

Respondent: En het ek al! Nee, ek het nog die rooi fiets gery, die rooi fiets met die klokkie, het jy nie geweet nie? Hulle het almal geweet. Die posman-fietsie. Ek moes hier… ek moes leer om fiets te ry.

Onderhoudvoerder: Hoekom?

Respondent: Want dit was nie maklik nie. Ek is basies aangestel en ek kan eerlik sê, niemand het vir my kom sê [nie] – wat ek verwag in ‘n “management meeting”. Daardie tyd het ons nog “strategy meetings” gehad. Weet jy dat ek in so ’n toestand was, dat ek vir weke gesit en boeke gelees het, en die hele naweek, want Allison het nooit na my toe gekom… moet nou nie stres nie, al wat ons in daardie vergadering doen is… berei… ons moet dit en dit… Sy het nie byvoorbeeld na my toe gekom en sê, kom ons berei saam voor, dan weet jy… Ek het blind ingeloop in vergaderings en daar is nie geweet wat van my verwag word nie.

Onderhoudvoerder: Sou jy sê dit was beter of slegter?

Respondent: Ek het daardie rooi fietsie… Dit was baie erg.

Onderhoudvoerder: Sou jy sê dit sou beter gewees het as jy geweet het wat om te verwag?

Respondent: Ja. Niemand het nog ooit na my toe gekom nie. Ek het deur die lêers op naweke gegaan, om te kyk wat het hulle die vorige vergadering bespreek en die vorige vergadering en die vorige vegadering. Ek is eerlik, niemand het met my gekommunikeer het nie. Niemand nie, niemand nie. Ek het ‘n poskantoorfiets gery vir ‘n jaar hier. Toe het ek naderhand gesê, “’Okay’, wie soek hom, ek kan hom nou ry.” Louise … toe sy begin werk het, toe sê sy vir my, ry jy nog daardie fiets? Toe sê ek, nee, ek ry hom nie meer nie.

Onderhoudvoerder: Sê vir my, het dit – die feit dat jy nie geweet het wat om te verwag nie – het dit stres by jou veroorsaak?

Respondent: “Huge.”

Onderhoudvoerder: Sou ‘n organisasie wat, sê nou maar, nuwe mense… wat mense oplei in bestuursposisies, as hulle hulle goed genoeg vir die pos voorberei, dink jy dit kan stres verminder?

Respondent: “Absolutely, take their hand for the first six months.” Ek kry nou persone, ek vat hulle aan die hand en daarná los ek hulle, daarna moet hulle weet, ek kan hulle nie meer help nie. Ek kan nie hulle hand heeldag vashou nie.

Onderhoudvoerder: En in vergelyking met die verlede, is dit vir jou beter as jy hulle byvoorbeeld help en begelei?

Respondent: Jy moet, jy moet nuwe mense aan hulle hand vat. Hierdie wat ons kontrak sê, jy moet in drie maande… kan ons jou permanent aanstel, ek bly vir hulle sê dit is ses maande. Ek het nou iemand se kontrak geskuif tot ses maande. Ek sê dit is nie regverdig nie. Jy het ‘n groot takbestuurder… het ek nou aangestel vir Kaapstad. Nou begin die “crunch” ná die vierde maand, ek het nou vir haar ‘n brief gegee, oor ses maande “then we review your …“. Jy kan nie mense in daardie posisie sit, en verwag hulle moet hardloop nie.

Onderhoudvoerder: Hoe bly jy op hoogte van die nuwe ontwikkeling… van die nuutste ontwikkeling en daardie tipe goed.

Respondent: “You’ve got to be curious.” Presies soos wat ons … “you’ve got to be curious”, luister maar net, vind uit – maar ook nie te veel nie.

Onderhoudvoerder: By wie nou, en waar?

Respondent: Ek sê nie by wie en waar nie. Jy tel gou-gou agter op, en nie te lank nie, jou “vibes” is baie ingestel. Wanda sal partykeer sê, “oh, there is something new coming,” dan sê ek, “oh, what is it?” – want sy is “human”, sy kom nogal vir my partykeer sê. En as ek vir haar sê, “Okay”, partykeer na gaan ek na Annie wat vir my eintlik… “Annie tell me more about this, what is happening about the finance? What is happening here or what is happening there?” Dan sê sy, “oh, okay…” Baie keer, dan sal ek vir Annie ook sê, as daar iets belangriks is, kom sê net vir my.

Onderhoudvoerder: Kom sê net dat jy ook op hoogte bly.

Respondent: Want ek wil nie die verkeerde goed in die gange optel nie. Ek hou nie van gange praat nie. Ek haat dit.

Onderhoudvoerder: Sê vir my watter rol speel die verandering – die multi-kulturele verandering – in die werksomgewing? Watter rol speel dit in jou bestuurstyl en in jou stresbelewing?

Respondent: Ek dink dit hang af van wat die verandering is, né. Daar kan partykeer veranderinge wees wat ek kan vooruitsien, dan sê'k vir Annie, "do you people… this is not going to work, you are going to put huge pressure on this company, and I am sorry." Dan sê ek Annie, "I don't like it." Wanneer ek hoor my personeel begin sê hulle dink hulle moet bedank en ander werk soek, dan sê ek, Annie, ek hou niks van julle nie, julle moet vinnig teruggaan na die "drawing board" toe. Maar dan kan jy ook weer kry… Shannon se styl is goed, sy het vertroue. Sy wys sy het vertroue. Sy het meer komitees aangestel wat byvoorbeeld verskillende interessante goedjies doen. So die oomblik as Samual nou byvoorbeeld by my – jy ken nou vir Samual, sy posisie is 'n supervisor – as Samual nou ook al in 'n komitee is, hy voel baie belangrik. Hy is deel van die firma. Ek wil nie eers weet wat doen hy in daardie vergadering nie. Ek vra hom nie eers nie. Ek weet nie eers wanneer hy vergadering toe gaan nie, maar dit betrek hom.

Onderhoudvoerder: Dit betrek hom.

Respondent: "He is one of the people here." So, ek hou van Shannon se styl, wat so 'n klomp… Ek weet nie wat is sy nie, nie "education trainer" nie, daar is so baie… social responsible… daar is baie tipe goed, ja, dit is baie belangrik.

Onderhoudvoerder: Deesdae, noudat meer vrouens in bestuursposisies gestel word, watter rol dink jy kan manlike kollegas speel in 'n vrou se bestuurstyl, en vice versa? En kan dit hulle stres affekteer?

Respondent: Ek dink tog, ek dink tog dit kan, want ek gaan baie keer, nou en dan as ek na Grant toe gaan of ek sal met Karel praat – want hy is ‘n sielkundige – en dan sal ek byvoorbeeld sê, jislaaik jong, wat dink jy van hierdie of wat dink jy van daardie, of ek kan partykeer ook by Hendrik “off bounce”. Ek weet naderhand… nou en dan as ek by Miroslav gaan, ook gaan sit, en dan kan hulle net vir my… tot by Rory… hulle gee partykeer net… Rory het nou die dag iets vir my iets gesê, maar, hy het net drie woorde gesê, jy kan nie dink wat ’n “impact” dit op my lewe gemaak het nie.

Onderhoudvoerder: Net ‘n ander perspektief.

Respondent: “I filtered it down and he was totally unaware of what he said to me”, en dit was “amazing” want ‘n man dink definitief anderster as ‘n vrou. Hy haal daardie emosies uit. ‘n Man is “yes or no”. Dit is nie “well, you know” [nie].

Onderhoudvoerder: As daar nou twee bestuurders langs mekaar is, in dieselfde pos, ‘n man en ‘n vrou, wat dink jy kan hulle bymekaar leer?

Respondent: Ek dink ‘n man kan… ‘n Vrou het tog, omdat ‘n vrou ‘n “gatherer” is, “gather” sy baie informasie, waar ek dink ‘n man partykeer ongeduldig kan wees en hy kan deur sy ongeduld, kan hy partykeer informasie verloor. Ek het dit al gesien daar bo, en ek gaan dit sê, want Nico kan baie ongeduldig wees, want hy is baie “sharp” en omdat hy daarby is, het ek al gedink, weet jy wat, Nico, jy het baie informasie verloor. Waar ‘n vrou kan tog vir hom sekere informasie gee, maar ‘n man kan daardie informasie balanseer en vir jou sê, “okay,” ons haal hierdie uit die prentjie uit en ons werk daarmee, want ‘n vrou is ‘n “gatherer” en jy kan partykeer… dit is soos wanneer iemand praat en “you interrupt that person. Don’t interrupt them”, want daardie laaste oomblik gaan hy vir jou informasie gee, “and that’s valuable information”.

Onderhoudvoerder: Dit is reg. Kom ek gesels bietjie met jou oor jou persoonlikheid. Hoe sal jy jou persoonlikheid beskryf?

Respondent: ‘n Baie moeilike mens.

Onderhoudvoerder: Hoekom?

Respondent: Ek dink dit is daardie balans weer van my, waar ek partykeer myself… dan dink ek, jislaaik, wie is jy? Die een oomblik is jy in hierdie “corporate” wêreld, en weet jy, ek kan omdraai, né, en Billy-hulle ken my al goed né, dan as ek vandag werk, dan draai ek net om en dan kom daardie “blerrie arty” persoon, dan moet ek nou weer daardie balans uitwerk.

Onderhoudvoerder: En hoe kry jy dit reg, die balans?

Respondent: Dit is vreeslik moeilik. Dis ontsettend… en daar is party dae… maar ek het nou uitgevind watter tyd, met hierdie “holistic” lewe van my, as jy die dag wat jou verjaarsdag is – myne is op ‘n derde – vir twintig dae, is wanneer jou energie die hoogste is.

Onderhoudvoerder: Elke dag van die maand.

Respondent: Elke dag, “you can dance, you can party, you can build bridges, you can do volumes of work”. Nou moet jy mooi luister, van die 23ste dag – want my verjaarsdag is die derde – van die 23ste tot die 30ste: ”your energy is at its lowest”… dit is nou met die hele atmosfeer te doen. En daardie tyd is wanneer ek myself baie fyn dophou en dissipline inbring, dit is wanneer my persoonlikheid kan krapperig raak. Die een oomblik is ek dit, die volgende is ek dit. Die een oomblik is ek geforseer om in daardie “boardroom” in ‘n vergadering te sit, dan kom ek daar uit, en dan wil ek sommer net ‘n “flower child” wees, “okay”?

Onderhoudvoerder: So jy is baie wispelturig?

Respondent: Weet jy wat, dit het ek nou al ontdek in my agtien maande, nee eintlik ‘n jaar, dat ek laas jaar in Januarie ernstig begin opduik, deur my

behandelings, want ek het elke maand gegaan vir my “oxygen pass” en dit ‘n drie-ure-behandeling, en toe het John vir my gesê, “Okay, I don’t want you to come in your path in this period again, your energy is the lowest, I want you to come on this and this day,” – en dit is waar ek dit uitgevind het en ek is totaal bewus daarvan. Ek kan sommer die 26ste die oggend opstaan en dan is ek sommer totaal of ek die ander kant van die bed uit… en daardie dag is ek elke minuut van die dag, elke uur van die dag bewus van myself.

Onderhoudvoerder: Dit is verskriklik interessant.

Respondent: So jy weet, dit is waar, “where you need to track in Sir, party dae sal ek sê, janee, ek is “all right” as ‘n bestuurder, die volgende dag, dan is ek maar die vrotste.

Onderhoudvoerder: So mens moet bewus wees van jouself en van die veranderinge in jouself?

Respondent: En die atmosfeer. Daar is baie dinge.

Onderhoudvoerder: Respondent, wat sal jy sê is die rol wat jou persoonlikheid speel in jou belewing van stres?

Respondent: Dit hang af van daardie periode weer, so as dit baie energie is, is dit vir my baie maklik [om] stres in my persoonlikheid… ek kan dit myself hanteer. Daardie tyd as ek stres het, daardie tyd, op ‘n groot projek, ek vind ek kan nie eers helder dink op daardie tyd nie. Dit is vir my ontsettend moeilik om tot te sit en prosedures uit te skryf. Ek sal hom uitskryf, maar nou het ek al… ek het sterk personeel aangestel in die laaste agtien maande. Ek het Petro aangestel, wat ‘n “huge” impak het, ek het Billy aangestel. So wat ek doen, is, ek het nou gedink ek kry hierdie ouens in, en Rory en dit, ek kry hierdie ouens wat baie goed is in hulle werk, en die oomblik as ek af is… daardie dag, dan gaan ek na Billy en dan sê’k, Billy dit is my afdag vandag, help my, ek het dit en dit gedoen, lees dit.

Onderhoudvoerder: Maar jy kommunikeer jou probleem?

Respondent: Ja, Billy begin nou haar goed…. dan sê sy vir my dit is my afdag, “check” my punte.

Onderhoudvoerder: En dit help?

Respondent: Dit help, en ek dink deur dit te doen, deur bewus te wees van jou afdag, dit te herken, te gaan laat ‘n kollega vir jou saam met dit deurgaan, maak dit baie makliker.

Onderhoudvoerder: Wat sou jy sê is die rol wat ouderdom speel in ‘n mens se belewenis van stres?

Respondent: “Hugely, hugely.”

Onderhoudvoerder: In watter opsig?

Respondent: Ek begin jong mense aanstel.

Onderhoudvoerder: Hoekom?

Respondent: “I just find them…” Ek is in ‘n era waar… want ons dink dit werk nie meer nie, die jong mense bring baie nuwe idees in. Sandra, die kind is briljant hier langsaan. Sy kan op ‘n rekenaar doen wat niemand van ons in die veld kan doen nie. En weet jy wat, dit gaan nou weer, jy raak so opgewonde, jy begin naderhand van jou stoel afval. Weet jy wat, ek ken my gedagtes, sien baie goeters. Ek het baie “vision” maar omdat ek nie rekenaar-“literate” is nie, kan ek… ek weet niks van daardie brein van daardie rekenaar nie. So ek is uit ‘n era wat ons nie groot geword het met rekenaars nie. Ek kan nie in daardie brein ingaan nie, al leer jy my dat jy blou in die gesig is. Ek kan dit net nie doen nie. Maar in my “vision” van my kop, sien ek byvoorbeeld, sê nou waar kwotas afkom, en’k sien byvoorbeeld die stock exchange, ek sien hierdie bord, maar in my kop sien ek waar hulle dit vir my opstel, gaan die rekenaar alles

gebeur, ek tik net op en alles is elke dag. So ek sien my veld soos ‘n “ex stock exchange”, “I can go up any time to the computer and I want to get all my results”. Maar ek kon dit nie implementeer nie. Toe gaan ek na Nissra toe, toe sê hy vir my, “it is not going to work.” Ek is baie sensitief. Toe dog ek, weet jy wat, dit is nou weer, ek is ‘n vrou, ek is Afrikaans, “but you are not going to get me down”. Al vat dit my ‘n jaar of twee jaar, ek gaan my droom… my droom gáán wáár word.

Onderhoudvoerder: Presies.

Respondent: Die veld is nie “computer literate” nie, op daardie stadium nie. Dit is meer Jane, dit, Doreen, wat is hierdie, “there is nothing exciting about computers”. Toe het ek naderhand vir Billy ingebring, maar toe ek Billy aanstel, toe het sy aangekom, toe het my droom al begin werk. Sy is Excel, né. Toe het ek vir Sandra aangestel, toe soek ek, die eerste groot vereiste is “a totally Excel expert, if you haven’t got it, don’t even come for an interview”. Ek het vir Maria gesê, die agent, ek het hierdie kind gekry. Hierdie kind sit… het jy al gesien hoe vinnig tik sy? Ek wil nie eers hê hulle moet bo ontdek nie. Sy sit net, “you have got no idea”… dit is iets soos 120 woorde per minuut. Sy doen nie eers ‘n spell check nie. “Okay.” Toe hét ek haar, so ek het haar brein, sy is jonk. Sy vat my droom, sy is nou besig om GSC vir my totaal op rekenaar te sit, Excel. Ek gaan alles daarvan af. Sy is nou besig, van gister af. Ek het punt vir punt vir haar uitgestip. Dit is alles, ek het die “vision”. So dit is hoekom ek van die jong mense hou, “they can speed up my work, they can make it accurate, and it’s within the time”.

Onderhoudvoerder: Byvoorbeeld voel jy dat… wat is die effek daarvan op jou stres?

Respondent: Geweldig. Want ek hoef nie in die aande en naweke te sit “with hard copies nie”. Is jy met my? Ek het Petro ingebring, “she is vibrant, she is eager, she is excited, she is curious” … sy wil vorentoe gaan. Is jy met my?

Onderhoudvoerder: Ja.

Respondent: Wat het ek daar anderkant? Amanda en Raeesa. Raeesa kan rekenaars regmaak, sy vat die skroewedraaier, sy maak hom oop, sy maak hom reg en tik. Jy vertel nie van my geheime hier nie. So dit is wat ek vind met die jong mense. Hulle kom met die nuwe idees en ons het dit nodig op die oomblik om suksesvol te wees. Wat jy ook moet onthou, die volgende vyf jaar gaan die helfte van die veld se mense op "retirement". Ek moet nuwe mense, en jong mense inbring, so ek is op soek… ek soek hulle hierso in hulle dertigs, hierdie kind is maar 24… "It is fine"… maar Petro was so 30, "okay", Billy is 45 ek dink, so ek is op die oomblik so tussen 30 en 40… Begin Karen ook, Karen kom uit die bank uit, baie "computer literate". Ek wil vir my jong mense inbring, om… as ek loop, wil ek nie voel ek het niks vir Organisasie X oorgelos nie.

Onderhoudvoerder: Presies. Hulle kan aangaan.

Respondent: Dit is hoekom ek… daar is 'n verskil tussen ou en jong mense, maar weet jy wat, die ou mense het daardie jare se "knowledge and they need to carry over, because there are certain things you have to carry over". Sekere dinge gaan nie verander in "research" nie. So, hulle gee vir hulle 'n fondasie, want jong mense maak daardie fondasie "more colourful".

Onderhoudvoerder: Absoluut. Ek hoor wat jy sê.

Respondent: Ons loop heeldag met kleure, ek maak ook seker alles is in die "coloured kokies, we've got to bring in colour", jy sien daar kom my "arty side" weer uit.

Onderhoudvoerder: Ja, ek hoor, ek hoor.

Respondent : Net om dit kleurvol vir ons te maak.

Onderhoudvoerder: Dit is belangrik. Sê vir my, wat dink jy – voordat ons nou afeindig – wat dink jy is die persoonlike gevolge wat stres vir jou inhou? Korttermyn en langtermyn.

Respondent: Dit sal my doodmaak. Ek het ‘n maatjie verloor. Sy was my baas, sy het hier gewerk, Joan. Sy is hier weg, “okay”, deur ‘n direkteur wat nie van haar gehou het nie, MD het nie van haar gehou nie, dit was baie hartseer. Joan is hier weg, sy het vir Milward Brown gewerk en Joan is twee jaar terug dood aan kanker, in jaar “job”. Dit was seker die grootste begrafnis van die “industry” gewees daardie dag. Ek wil nou huil… so dit is my grootste maatjie, ons was saam, ek en sy en Riekie het saam Mauritius toe gegaan.

Onderhoudvoerder: En wat dink jy was die oorsaak daarvan?

Respondent: “Stress, it killed her, it killed Joan. She got killed.” Dit is stres, ek weet. Dan bel sy party aande. Dan sê ek, Joan, ek is in die kar, ek kom drink koffie by jou. Dan weet ek. Sy het altyd vir my gesê, en weet jy wat, ek sal dit nooit vergeet nie, ek het net gehoor sy is in die hospitaal, sy was nie lekker nie, daar is nie eens vir my gesê sy was siek nie, sy het dit weggesteek. Ek het Vrydagmiddag ná werk… ek het nie eers vir Wanda gesê Joan is in die hospitaal nie. Ek ry van hier af Sandton Kliniek toe, ek gaan na haar toe, want Joan is… Joan het eerstens nie van ‘n hospitaal gehou nie. Sy het nie van baie mense om haar gehou in die hospitaal nie. Of as sy siek is ook, sy soek nie mense nie. As jy hier siek was, dan sê sy, “hi, girlie have a Disprin.” Almal was “my girlie”. Ek het na haar toe gegaan by die bed, maar ek het haar kleur so gekyk, toe dink ek, o Joan jy het “the colour of death”. Sy is Dinsdagoggend toe oorlede. Nie een van ons… sy het nie self geweet sy het kanker nie, en sy het op die bed vir my gesê, “don’t let ‘Organisasie X’ kill you, my girl.” Toe sy dit vir my sê, daardie… dit is twee jaar terug, daardie Desember, toe het my begin kop begin “trick” … En toe daardie… in daardie jaar, sy is daardie Desember dood en daardie jaar was 2003. Toe ek naderhand voel ek raak ‘n robot, toe het ek altyd Joan se woorde gehoor. Nee, ek moes myself ook kontroleer, wat gaan jy doen buite Organisasie X? “What, are you going to allow ‘Organisasie X’ to kill you, and what are you not going to allow?” En daarom sê ek vir my… dit is my “discipline”… my .... Laurence was nou vir die week in die hospitaal, baie siek. Hy het Maandag teruggekom. Ek het gister met hom gepraat, toe sê ek vir hom Laurence,

weet jy wat gaan ek doen, ek gaan saam met jou “lunch”-tye loop. Toe sê hy, gee vir my kans tot volgende week. Toe sê ek, elke “lunch”-tyd kom jy saam met my en ons loop elke dag vinnig om ‘n blok.

Onderhoudvoerder: Ja

Respondent: Dat ek daardie stres uit daardie man uit kan kry.

Onderhoudvoerder: Presies, want dit gaan dieselfde doen.

Respondent: Dit gaan ons doodmaak.

Onderhoudvoerder: Ons het nou vreeslik lekker gesels. Nou hier aan die einde van ons geselsie, wil ek nou weet, is daar nog enige iets wat jy wil bylas? Veral in terme van, jy weet, die vrou in die bestuursposisie, en die stres wat sy kan ervaar. Jy weet, is daar nog enige iets wat jy voel ons het nie gedek nie, of wat jy miskien nog wil sê?

Respondent: Die vrou, ek dink die vrou het ‘n lang pad geloop. Ek dink ons behoort baie trots te wees op ons vroue as bestuurders in ons land. Want weet jy wat, ek dink dit gaan ‘n groot “impact” in die land hê, want mans kan nogal aggressief wees in besigheid, waar vrouens… en ek dink ons begin baie deur sien kom. “They are peacemakers and there is a lot of harmony” in vrouens. En ek dink tog dit gaan ’n groot voordeel wees vir die land… en as jy kyk baie lande oorsee, hulle baklei, daar is waar al die tyd… ons het dit nie in Suid-Afrika nie. “We’ve got huge amounts of energy, huge amounts of talents”, ons is baie kreatief, dit maak nie saak in watter posisie sy is nie, sy is tog kreatief in haar kop en posisie. Sy is. Jy kyk na ons wortels en alles, “there is creativity” en ek dink tog dit gaan – die vrou en haar posisie, maar ook die firmas, en ek dink ook vir die land – “it is going to create harmony, peace and it is going to give…”. Die vrou gee vir die… gee vir haar personeel tog “confidence”.

Onderhoudvoerder: In watter opsig?

Respondent: Want as jy dink hoe baie die vrou in die kombuis gedruk was, was sy nooit daardie selfvertroue gegee nie. Waar ‘n man het jou… ‘n man kan jou makliker afbreek as ‘n vrou, en ek dink deurdat die vrou in daardie posisie is, gee sy haar personeel meer daardie selfvertroue. En dit “filter” tog al die pad af en daardeur gaan firmas baie meer suksesvol wees, dit is al klaar, dit bewys al klaar. Dit wys definitief, dit skemer al deur. Waar firmas baie meer suksesvol is, waar daar tog vrouens bo inkom, om die “boardroom table” is.

Onderhoudvoerder: En dit werk?

Respondent: As dit “just men” is, “it is cold, cold corporate”… jy word so afgebreek dat jy naderhand voel “you are not capable of running any department”. Al dink jy jy doen jou beste, hulle kap jou om elke draai. Ek het dit self ondervind hier. Ja, en vandat die mans uit daardie “boardroom” uit is, is dit heeltemal ‘n ander wêreld. Ek vind dit by my maatjies ook wat in daardie posisies in die “corporate world” is. Dit is… die vrou is baie sterk, en ‘n vrou is “multi-talented and she is”… ‘n vrou “can run her home ánd her company ánd her teenage kids, ánd can help the kids with school work! They can only be successful.”

Onderhoudvoerder: Dankie vir jou tyd.